



ARCHER/PINEHURST

Jou tuiste weg van die huis... / Your home away from home...

NUUSBRIEF/NEWSLETTER

11/12/2012



KOSHUISWERKERS BESOEK BUFFELSDRIFT

Al die koshuiswerkers van Huis Archer en Pinehurst is op Dondermiddag 6 Desember getraakteer op 'n besoek aan Buffelsdrift Wildplaas waar hulle eers kennis gemaak het met die olifante en daarna 'n heerlike middagtee geniet het.

Namens alle leerders, ouers en personeel, wil ons net dankie sê vir hulle onbaatsugtige diens die afgelope jaar. Hulle verdien die rustynd!

LOSIESGELD VIR 2013 [2013-vorm aangeheg]

Ouers word weer net daaraan herinner dat losiesgeld betaalbaar is voordat 'n leerder tot die koshuise toegelaat mag word. Die superintendente ondervind al hoe meer probleme hiermee en moet dan briewe rig, wat nie altyd so goed ontvang word nie.

Die koshuise word soos 'n privaat huishouding bedryf en as die geld nie inkom nie, kan die rekenings nie betaal word nie.

Baie dankie vir u samewerking.



MENEER WILMERO FREEKS NA PRINS ALBERT

Mnr. Wilmero Freeks wat die afgelope jaar diens by Huis Archer gedoen het, verlaat ons aan die einde van 2012 om 'n pos te aanvaar by Hoërskool Swartberg op Prins Albert.

Ons wens hom alles van die beste toe vir sy permanente loopbaan in die onderwys. Hy is beslis 'n aanwinst vir enige skool!

MENEER PEET KRUGER KEER HUISWAARTS

Mnr. Peet Kruger verlaat ook Huis Archer na 'n jaar as diensdoende onderwyser en het 'n tydelike pos naby sy huis in die Wildernis aanvaar.

Ons gaan die spitsvondigheid van hom baie mis en die vriendelikheid waarmee hy ons seuns elke oggend begroet het, gaan nog lank by ons bly.

Ons wens vir hom en sy vrou Tinka, alles van die beste toe vir hulle nuwe uitdagings agter die Outeniquaberg.



KONTAKBESONDERHEDE

SKOOLHOOF: Mnr. Johan Claassen	044-2791623	johan@oudhs.wcape.school.za
PINEHURST:		
Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph	044-2791755	gerritrudolph@yahoo.com
Huismoeder: Mev. Ida Schmitt	044-2726155	jsch@telkomsa.net
Diensdoende Personeel:		
Me Yvonne Robinson	044-2794061	
Mev. Christa Serfontein	044-2792753	
HUIS ARCHER:		
Superintendent: Mnr. Dave van der Walt	044-2722580	davesus@mweb.co.za
Huismoeder: Mev. Susan van der Walt	044-2722580	
Diensdoende Personeel:		
Mnr. EP Olivier	082-4361440	
Mnr. Christo Serfontein	044-2792753	
Koshuisraadvoorsitter: Mnr. Nico de Wet	082-8234789	



*Die personeel van Huis Archer
en Pinehurst wens u en u gesin
'n*



GESEËNDE KERSFEES

&

VOORSPOEDIGE

2013

BAIE WELKOM AAN ...

Mee. Alida Louw en René Wessels wat volgende jaar ook inwoners van Pinehurst word en by die Struisie-personeel aansluit!

2013-INSKRYWINGS

Die personeel sal alreeds op 13 Januarie 2013 by die koshuise beskikbaar wees vir navrae, betalings en inskrywings.